# Kan ek die jaar reg afsluit?

Ja of Nee    Dit is jou keuse.

Ons as mens het al baie in jou lewe beleef, afsluit en nut begin.  Van kleuter skool na laerskool, na hoërskool, eerste werk.
Daar is goed wat jy oor bly is, en goed wat jy nie wil stop nie.

MAAR  hoe jy iets gaan stop gaan beteken hoe jy gaan begin.

**Num 13:30-33  Kaleb het egter die manne wat met Moses praat, stilgemaak en gesê: "Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kán dit doen." (31)  Maar die manne wat saam met hom gegaan het, het gesê: "Nee, ons kan nie teen daardie mense optrek nie, want hulle is sterker as ons."  (32)  Die manne het toe 'n slegte gerug onder die Israeliete versprei oor die land wat hulle verken het. Hulle het gesê: "Die land wat ons gaan verken het, is 'n land wat die lewe vir sy inwoners onmoontlik maak, en die mense wat ons daarin gesien het, is almal baie groot.  (33)  Ons het daar ook die reuse gesien. Die Enakiete stam van hulle af. Ons was soos sprinkane in ons eie oë, en so was ons ook in hulle oë."**

**Vraag is.  Hoe sien jy die lewe, hoe sien jy jouself, hoe sien jy God.**

Kaleb fokus op God, **ons** kan dit doen.  Hy sien God is met Hom
Die manne fokus op hoe klein hulle is en hoe groot die reuse is.
Hulle fokus op toekoms en verlede.   Verskil, Kaleb en die manne
Manne het verkeerde persepsie in hulle eie oë.
Pasop dat mense se persepsies nie jou besluite beinvloed nie.

**Hoe moet ek afsluit?**

**Ps 99:1-9  Die Here regeer: die volke erken bewend sy gesag. Hy troon oor die gerubs: die aarde sidder van ontsag.  (2)  Groot is die Here, Hy wat in Sion is, hoog verhewe bo al die volke.  (3)  Hulle moet u groot en gevreesde Naam prys: "U is heilig!"  (4)  U is die magtige Koning, U het die reg lief; wat reg is, het U tot stand gebring. U het reg en geregtigheid in Jakob gevestig.  (5)  Prys die Here ons God. Kom buig in aanbidding voor Hom: Hy is heilig!  (6)  Moses en Aäron was onder sy priesters, Samuel onder dié wat sy Naam aangeroep het. Hulle het die Here aangeroep en Hy het hulle gebed verhoor.  (7)  In 'n wolkkolom het God met hulle**

**gepraat, en hulle het sy voorskrifte gehoorsaam, die opdragte wat Hy hulle gegee het. (8) Here ons God, U het hulle gebede verhoor. U was vir hulle 'n vergewende God, maar Een wat ook hulle sondes gestraf het. (9) Prys die Here ons God, buig voor Hom op sy heilige berg, want die Here ons God is heilig.**

1. Besef God regeer. Vra jouself wie regeer in jou lewe. Na wie luister jy?

   **Dan 2:44-45 In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel 'n koninkryk oprig wat nooit vernietig sal word nie. Hierdie koninkryk sal nie deur 'n ander vervang word nie. Dit sal die ander koninkryk plat trap en vernietig, maar self sal dit vir altyd bestaan. (45) En dat u 'n klip uit 'n rots sien losbreek het sonder dat 'n hand daaraan geraak het en dit die yster, die brons, die klei, die silwer en die goud verpletter het: God wat magtig is, het aan u bekend gemaak wat in die toekoms gaan gebeur. Die droom is waar en oor die uitleg is daar geen twyfel nie."**

2. Hulle moet God prys. Hoe groot en goed. Almagtig Hoe prys ons die Here. Kom in aanbidding, as gelowiges saam en in jou binne kamer, wat se hart prys jy God, kla of geloof. Aanbidding is die taal van geloof. Maak ‘n aardse deur toe en maak ‘n hemelse deur oop. Dankie sê, lewe van dankbaarheid. Moenie kla oor die Jaar nie, sê dankie.

**Heb 13:14-15 want ons het in hierdie wêreld geen vaste verblyfplek nie, ons is op soek na die toekomstige. (15) Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely.**

**Ps 134:1-3 'n Pelgrimslied. Kom, prys die Here, julle almal wat Hom dien, julle wat in die nag in die tempel van die Here staan! (2) Hef julle hande in gebed op na die heiligdom en prys die Here! (3) Mag die Here jou seën uit Sion, Hy wat hemel en aarde gemaak het.**

3. **God aangeroep en hulle gebede is beantwoord.**
   Sluit die jaar af, moeite doen. Een kant gaan en gaan bid. Mense bid want voel hoor niks en wat help dit.
   Hoekom word jou gebede nie beantwoord?

1. Doen nie wat die Here sê nie.  Nie gehoorsaam nie.

**Joh 14:21  Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar."**
Begin met iets kleins te oefen.  Vra Here wat wil hê ek moet doen.  Bedink dit maak n plan en doen dit.  Moenie mense gaan vra om te hoor of jy reg gehoor het nie.  Hulle opienies is nie God se stem nie.

2. Leef nie in vrede met ander.  Staan om te bid en Vergewe.  bv. Kinders wat baklei, vra jou hulle wil gaan fliek, dan gaan jy nee sê

**Mark 11: 25)  En wanneer julle staan om te bid, en julle het iets teen iemand, vergewe hom; dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredings vergewe."**
**Joh 20:21-23  "Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."  (22)  Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees!  (23)  As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie."**
Wees soos God en vergewe mense.  Sluit die jaar af om te vergewe.  Bel weer, praat weer.  **Let it go**

3. God ‘n ander plan.  Jou eie planne nie altyd die beste vir jou nie.  Ons huil daar oor, God baie beter gegee.  Geloof in God.  Hy regeer.

**Jes 55:8-9  My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here;  (9)  soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.**

4. Nie geloof nie,  Bewys God te prys.  Jy kla

**Mark 11:22-24  Jesus sê toe vir hulle: "Julle moet geloof in God hê!  (23)  Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg sê: 'Lig jou op en val in die see,' en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur.  (24)  Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.**

**Jak 1:6-7  Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word.  (7)  So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.**

Reg afsluit
**Besef God vergewe jou.**  Hy is lief vir jou.  Hy straf jou nie
Die straf is in die sonde.

**(8)  Here ons God, U het hulle gebede verhoor. U was vir hulle 'n vergewende God, maar Een wat ook hulle sondes gestraf het.**